Skool vir Kommunikasie: Nagraadse Studie

Hoe werk die aansoekproses?

SEPTEMBER

- Doen formeel aansoek om toelating teen die einde van **September** in die jaar **VOORDAT** jy beplan om te registreer. Versoek 'n formele aansoek van die Administrasiekantoor of doen aanlyn aansoek.
  - Openingsdatum: 1 Sept van elke akademiese jaar. Sluitingsdatum: 30 Sept van elke akademiese jaar.
- Sluit die volgende in by jou aansoek:
  - Akademiese rekord.
  - Curriculum Vitae.
  - Kort samevatting van jou voorgesste;de stidoe (sien templaat vir enkel bladsy).
  - 'n Brief waarin jy motiveer waarom jy vir die MA of PhD-studie wil inskryf.
  - Opsioneel: Voorbeelde van akademiese publikasies soos byvoorbeeld 'n artikel in 'n vaktydskrif gepubliseer.

OKTOBER

NOVEMBER

- In **November** sal "papiersifting" plaasvind. Indien jou aansoek suksesvol is, sal jy voorwaardelike toelating gegun word en 'n mentor sal aan jou toegeken word.
- 'n Mentor is nog nie die aangestelde supervisor/studieleier nie, aangesien jy nog nie geregistreer het nie – die mentor word slegs aangestel om duidelikheid aangaande jou onderwerp van belang te voorsien.

DESEMBER

JANUARIE

- Begin lees ter voorbereiding vir die Januarie-werkswinkel vir die volgende jaar. Die twee-dag werkswinkel fokus op dít wat jy van nagraadse studie en die skryf van jou navorsingsvoorlegging kan verwag. Jou mentor sal jou in die proses lei.

FEBRUARIE

MAART

- Jy moet dan jou navorsingsvoorstel suksesvol gedurende die Maart kollokwium van die volgende jaar aan 'n uitgekose paneel voorlê om finaal tot die program toegelaat te word.
- Sodra jou navorsigsvoorlegging goedgekeur is
  - Sal jou studieleier bevestig word
  - Jy sal dan toegelaat word om voor of op 31 Maart te registreer.
- Jy kan dan begin om jou voorlegging te finaliseer.

Let wel: Jou navorsingsvoorlegging (titelregistrasie), moet binne ses maande van registrasie voltooi wees.